Heilbron
# Herald

*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*

WEEK 32 Deel 110
VRYDAG - 16 AUGUSTUS 2019

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Julle dorings!



*Op die foto voor vl: Pula Fox (onderkaptein), Robert Daniel, Adriaan Pelser en Waldo Steyn. Tweede ry: Ratha Mokoena, Jayselyn Witbooi, Gawie Pretorius, Arno Hendriks en Ryan Nel. Derde ry: Sipa Malindi, Jan Strido, Rudi van Niekerk (kaptein), Roberto Menesses, Cleovan Witbooi en mnr Peter Smith. Agterste ry: mnr Lüdke van Dorssen, Jacques Herbst, Koos Scheepers, Sarel Mouton (onderkaptein), Wolter Bennink, Francois Els, Mike Henn, De Jager Jooste, Geo Hausleitner, Xander Visagie, Kwagga Ellis en mnr David Knight.*

Sewe jaar later, en die beker is terug waar dit hoort. Die eerste span van Hoërskool Heilbron, meer bekend as die Wildebeeste het die afgelope naweek in die finaal van die Virseker Beker die stryd aangesê teen Lyttelton Manor in Benoni.

Danksy drieë wat Wolter Bennink (binnesenter) en Mike Henn (slot) gedruk het, het die Wildebeeste 'n voorsprong van 14-5 gehad. Waldo Steyn (heelagter) was goudwerd vir sy span en het ook sy bydraes gelewer en punte gewerf. Na 'n naelbyt wedstryd blaas die fluitjie vir 26-22 om die Wildebeeste as die wenspan aan te kondig.

Wolter Bennink is aangewys as die speler van die wedstryd en het verseker hierdie titel verdien. In 2012 is Hoërskool Heilbron as kampioene gekroon van die Beeldtrofee soos dit voorheen bekend gestaan het. Hulle het skoonskip gemaak en met 48-15 met die beker weggestap. 2019 was dit weer die Wildebeeste se jaar!

Danie du Plessis, eienaar van Sanjo's, het Dinsdagmiddag die Virseker Beker kampioene elk bederf met 'n ete. Die span en hul ouers het saam na die heruitsending van die wedstryd gekyk. "Van 'n handdruk met die boodskap "sterkte ysters, ons weet julle kan", Facebook boodskappe van heinde en verre, *surprise cupcakes* ontvang van ons graad 2's, meisies wat kom sêr voor elke wedstryd, die "groot ontbyt en gees vang" Donderdag voor die finaal tot die groot optrekke na ons wedstryd toe om ons te kom ondersteun. Dit het ons gemotiveer om met elke wedstryd ons aller beste te gee - nie net vir ons nie, maar vir almal wat ons ondersteun." spreek die Wildebeeste hulle dank uit teenoor Heilbron, leerlinge, en oud-Wildebeeste. "Ons is baie trots om te kan sê ons is Heilbronners in murg en been."

Baie geluk Wildebeeste met hierdie oorwinning, Heilbron het geweet julle kan!

# Kragtariewe kan verder styg

Die Elektrisiteitsreguleerder, NERSA, het sy riglynverhogings vir munisipaliteite hierdie jaar heeltemal te laat gepubliseer om betyds deur munisipaliteite in hul 2020 begrotings geïmplimenteer te kon word. Volgens Ngwathe amptenary was die aanvanklike voorgestelde verhoging vir Eskom 9,41%, maar dit is heelwat later finaal vasgestel op 15,63%. Op sterkte die verhoging wat Eskom gekry het, het NERSA daarna vir munisipaliteite 'n verhoging van 13,06% toegestaan, maar eers op 27 Mei toe munisipale begrotings basies reeds gefinaliseer moes wees. (Begrotings moet teen 31 Mei afgehandel wees). Op sterkte van die beskikbare inligting op die stadium toe die Ngwathe begroting hanteer moes word, het amptenary toe voorgestel dat elektrisiteitstariewe met 8,41% aangepas word wat die raad dan ook goedgekeur het. Nadat die finale Eskomtarief en NERSA vasstelling vir munisipaliteite bekend geraak het, het amptenare se nuwe somme daarop gedui dat die Eskom verhoging nie geakkomodeer kan word indien Ngwathe se tariewe slegs met 'n 8,41% verhoging (soos aanvanklik voor begroot was) aangepas word nie en het hulle daarom aanbeveel dat die tariewe wel met die goedgekeurde 13,06% aangepas word. Omdat hierdie tarief egter nie tydens die openbare deelname proses aan inwoners voorgehou was nie, het VF Plus raadslid Phillip van der Merwe, daarop aangedring dat dit vooraf eers weer aan 'n openbare deelname proses onderwerp word voordat dit geïmplimenteer kan word. Daarom het advertensies wat inwoners uitnooi om menings te lug oor die voorgestelde tariefverhoging van 13,06% verlede week in nuusblaaie (ook in die Heilbron Herald van 2 Augustus 2019) verskyn. Die tydperk vir kommentaar het op 14 Augustus 2019 verstryk en die raad moet nou die insette van inwoners oorweeg en dan 'n finale besluit neem. "Prakties lyk dit tans egter of die verhoging van 13,06% wel gaan moet realiseer om die boeke te laat balanseer" sê raadslid van der Merwe.

# *MISDAAD*verslag - Heilbron

Wees versigtig om in die strik te trap van internetbedrog. Baie mense het reeds al sake by die polisie gerapporteer in verband met betalings wat hulle oor die internet gemaak het, maar nooit weer iets van die verkoper gehoor het nie. Hierdie gebeure vind al hoe meer gereeld plaas. Daarom word alle inwoners en gemeenskapslede gewaarsku om nie sommer net produkte oor die internet aan te koop nie. Moet ook geen persoonlike besonderhede vir enige iemand oor die telefoon gee nie - moenie sommer net die bron vertrou nie. Moet onder geen omstandighede die drie nommers aan die agterkant van 'n bankkaart bekend maak nie. Maak seker dat jy nie 'n slagoffer word van internetbedrog nie.

Daar het Sondagaand weer 'n kapings voorval by Total in Heilbron plaasgevind. Dieselfde verdagtes waaroor daar verlede week berig is, het toegeslaan. Vier verdagtes in 'n wit Audi A3, sonder nommerplate, het 'n Honda Fix, afkomstig van Lesotho, gekaap. Hulle het met beide voertuie in Sasolburg se rigting gevlug. Ongeveer 20 kilometer uit Heilbron het die verdagtes 'n swaarmotorvoertuig van die pad af probeer druk - die drywer het weggejaag waarna die verdagtes 'n skoot deur die venster afgevuur het. Niemand is in die voorval beseer nie. Heilbron SAPD vra dat die gemeenskap op die uitkyk moet wees vir die wit Audi A3 sonder nommerplate en vier verdagtes. Inligting kan dadelik aan die polisie deurgegee word vir verdere ondersoeke.

ULTIMO
AUCTIONEERS
(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron
VEILINGSDATUMS
SATERDAG
31 Augustus om 11:00
VRYDAG
13 September om 11:00
Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
*Implemente inskrywings is ook baie welkom.*

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07
NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za
BKB LOUWID

# Suksesvolle Produksie-veiling aangebied

Op Vrydag 9 Augustus 2019 het Wesdan Boerdery en Louise Dohne Merino Stoet hulle jaarlikse produksieveiling gehou te Plaas Canossa Heilbron.

Onder die hammer was top genetika en die dag het vlot verloop. Die gemiddeld op die ramme was R7 670.73. Die duurste ram is gekoop vir R16 000 deur mnr Ric Borman van Petrus Steyn (Borman Boerdery). Koeie en kalwers se gemiddeld was R15 223. Speen-kalwers het uitstekend gedoen met 'n gemiddeld van R8 181.50. (Gewig 200kg-280kg). Oop verse se gemiddeld was R6 695.59. Dragtige koeie se gemiddeld was R15 000.

BKB bedank alle kopers vir 'n baie lekker dag.



*Op die foto links: Wentzel Voster (Tak-bestuurder Frankfort), Wolf Edmayr (CEO BKB), Mev Borman (Borman Boerdery), Ric Borman (Koper), Marise Hattingh (Wesdan Boerdery) en Danie Hattingh (Verkoper). Voor: Danie de Wet (Skaap en Wol BKB).*






# Swendelaars bedrywig in Vrystaat

Eskom het reeds al talle berigte ontvang van kliënte wat deur swendelaars deurgeloop het. In die Vrystaat gee mense hulself voor as Eskom-kontrakteurs wat verantwoordelik is vir die toets, vervanging en kalibrering van elektrisiteitsmeters. Die verkullers bel Eskom kliënte om reëlings te tref om hulle te kan besoek om die meters te toets of foutiewe meters te vervang. Kliënte moet vooraf vir hierdie besoek betaal - direk in die verkullers se rekening in. Dit is dan die laatste wat die kliënt van die sogenaamde kontrakteur hoor. Daarom wil Eskom alle kliënte daaraan herinner dat alle betaling aan Eskom soos normaal moet geskied soos wat op die Eskomrekening aangedui is. Geen werknemer of kontrakteur wat 'n kliënt besoek mag kontant ontvang nie en geen betaling moet in 'n ander bankrekening gemaak word nie.

Kliënte moet ten alle tye waaksaam wees vir opportuniste wat doelbewus lede van die publiek uitbuit. Verdagte persone of aktiwiteite kan aangemeld word deur die Eskomkontaksentrum by 086 003 7566 te skakel of deur die Eskombedrog-blitslyn te skakel by 080 011 2722.


**BESIGHEIDSURE**

**Maandae tot Donderdae:** 07:30 tot 17:00

**Vrydae:** 07:30 tot 16:30 | **Saterdae:** 08:30 tot 13:00

**Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer ...**

Herald Office National

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
Faks: 058 853 0140
heraldnuus@heilbron.co.za





# Flame kuier by Dienssentrum

Dit is nie aldag wat 'n miniatuur perdjie sommer by die deur mag inkom nie, in hierdie geval wel. Flame het Dinsdag by die lede van Heilbron Dienssentrum gaan kuier. Hierdie hings het omtrent die dames se harte aangeraak. Nonna Roos het die lede meer kom vertel oor dié prag diere en haar perdestoetery.

*Op die foto regs is Sylvia Meades (bestuurderes van Heilbron Dienssentrum) en Nonna Roos.*

*Op die foto onder: Helgard Claasen, Alta Claasen, Gerda Theron, Nonna Roos (gasheer), Bettie Swart, Caryl Loots, Rita Hoffman en Sue v/d Westhuizen.*





# Slaag hul eerste gradering



*Die leerders van Heilbron Martial Arts het hulle eerste gradering geslaag van Witbelt na 'n Geeltip. Die Witbelt simboliseer onskuld en onkunde. Om na die volgende vlak te kan beweeg wat Geeltip is het leerlinge nodig om sekere hand-, blok-, skop-, stances-, poomse-, tenents bewegings en die Taekwondo eed suksesvol te kan aflê. Op die foto voor: Marnus Botha, Gerhard Engelbrecht, Annebelle Bester en Chrizette Greeff. Middel: Bea Binneman, Chanelle Engelbrecht, Shandi Prinsloo, Riekert Marx en Yonuscha Prinsloo. Agter: Sabum Theo Binneman en Sabum Yolandi Prinsloo.*

# VVA Bruidspop wenner

Die pragtige bruid geklee deur Erika van Niekerk is gewen deur Peet Saayman en gaan in 'n spesiale versameling pryk.

VVA spog steeds met 'n groot verskeidenheid handgemaakte artikels.

Die VVA gebruik enige materiaal nuut of tweedehands, indien u afval materiaal, wol of artikels het, alles is welkom.

VVA se deure is weekliks oop op Woensdae en Donderdae vanaf 09:00 tot 11:00, kom loer gerus in, drink saam tee en word deel van die VVA.



*Op die foto agter vl: Ina Slabbert, Jacomien Harmse. Voor: Peet Snyman.*

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.

Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.


BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Has a vacancy for a

**RETAIL ASSOCIATE: HEILBRON**

For more information and job requirements, follow this link:
https://bkb.jb.skillsmapafrica.com

**Reference number: TRAD360**
**Closing date: 21 August 2019**

INTEGRITY
www.bkb.co.za




# OM TE BEL



*Ahoi!*

Klaarblyklik was dit die eerste woord wat een persoon aan 'n ander oor 'n telefoon gesê het.

**KLINK MY NIE DAT DIE ONTWIKKELING VAN DIE TELEFOON 100% VOOR DIE DEUR VAN ALEXANDER GRAHAM BELL GELÊ KAN WORD NIE**. Mense soos Charles Bourseul, Innocenzo Manzetti, Antonio Meucci, Johann Philipp Reis en Elisha Gray het soortgelyke uitvindsels gehad, maar Bell het hulle blykbaar voorgespring toe die apparaat kommersieel vervaardig is. Dit is selfs met 'n hofbeslissing bekragtig.

Bell se telefoon is beskryf as "apparatus for transmitting vocal or other sounds telegraphically". Sy telefoon is op 6 April 1875 gepatenteer. Hierdie patent was getiteld "Improvement in Telegraphy." Die poskantoor, spoorweë, belangrike staatskantore, aandelemark, 'n paar nasionale koerante, internasionale maatskappye en ryk individue was die eerste eienaars van telefone.

(Ek sien 'n paar interessante maar irrelevante feite in bogenoemde paragraaf. 1. 6 April. Klink dit bekend? 2. Die poskantoor is van die eerstes wat 'n foon gehad het. Ek daag jou uit: probeer die poskantoor se klagtelyn skakel: niemand antwoord nie. Hulle antwoord ook nie e-posse nie. 3. Belangrike staatskantore antwoord ook nie (of het gewoon nie werkende telefoonlyn nie).

**NIETEMIN:** Alexander Graham Bell se eerste sin oor die telefoon was gerig aan sy assistant, Thomas Watson. "Mr. Watson, come here, I want to see you." En sedertdien het ons nog nie ophou praat oor die foon nie.

Die eerste telefoonboek was net 20 bladsye dik. Dit is in 1878 uitgegee, slegs drie jaar nadat die foon gepatenteer is.

Die eerste *ghrênd* Nokia se boodskapluitoon is Morsekode vir SMS. Die "ascending" luitoon is Morsekose vir "connecting people", wat ook Nokia se leuse is. Terloops: voordat Nokia fone gemaak het, het hulle rubber, telefoondrade en elektriese kabels vervaardig. En hulle het begin as 'n maatskappy wat papier maak.

'n Onlangse studie het blykbaar bewys dat 47% van alle selfooneienaars al hulle fone in die toilet laat val het. Ek is een van die 53% wat dit nog nie gedoen het nie. *Touch wood*. En as jy nomofobie het, ly jy aan vrees vir 'n foon.

**TERLOOPS: DAAR WORD BERAAM DAT SELFONE 18 KEER MEER BAKTERIE HET AS TOILETHANDVATSELS**. Gril ek nou tot in my diepste wese.

Het jy gewonder wat ons sou doen indien ons nie iemand gehad het wat 'n telefoon kon antwoord of 'n telefoon kon gebruik nie? Daar is ook daardie EEN telefoonoproep wat elkeen van ons vrees: wanneer iemand bel om slegte nuus oor te dra.

Eergister stuur my gryse moeder 'n *sms* om te sê dat dit goed gaan met haar. Amper twee ure daarna bel sy histeries en sê die hele tyd: "Help my help my help my."

In een beweging het ek my handsak gegryp, kantoor gesluit en ek was in my kar. Op pad na die aftreeoord toe skakel ek die dokter se spreekkamer en sommer my skoonma ook. Sy is ook sommer op pad na my ma se klein woonstel.

Toe ek uiteindelik daar uitkom, het die mediese personeel reeds alles onder beheer, maar ek sien my ma lyk grys om die kiewe. Haar vel is koud en sy voel siek en is naar. Sy kom nie dadelik agter dat ek daar is nie. Die kort van die lank is dat sy darem 12 ure daarna beter gevoel het.

**MAAR DIT HET MY LAAT DINK:** wat gebeur as jy in nood is, oor 'n telefoon en 'n selfoon beskik, probeer om iemand te bel maar daar is niemand wie jy kan bel nie. Daar is nie een enkele mens wie jou kan help nie, al wemel die wêreld rondom jou van liggame wat om jou rondbeweeg.

Wat sou gebeur het as ek nie my ma se oproep kon antwoord nie? Sy sou sekerlik steeds hulp gekry het. Dinge sou seker steeds in plek geval het, ek weet nie. As jy iemand nodig het en daar is niemand om te kontak nie, moet dit ongelooflik hartseer wees.

Telefone, selfone, skootrekenaars met *Skype, Facetime, Facebook* en dies meer, daar is geen manier om ons kommunikasie makliker te maak nie. Ten spyte van allerhande kommunikasiemiddele wat ons het.

**ONS LOOP DAAGLIKS BYMEKAAR VERBY, GROET IN DIE LOOP EN NEEM NIE REGTIG IN WAT DIE ANDER PERSOON SÊ NIE.**

Ek het dit al 'n paar keer gedoen wanneer iemand bel.

Die beller sê: "Goeiemôre. Hoe gaan dit?"

Ek sê: "Goed. Hoe kan ek help?"

Die beller sê: "Dit gaan goed, dankie."

Het die beller regtig gehoor wat ek gesê het? Nie in die minste nie, maar ten minste was daar iemand aan die ander kant van die telefoonlyn.

Danksy Alexander en sy vriend, Thomas, is dit moontlik dat ons in sò noue kontak met mekaar is, en steeds nie iemand het op wie jy kan reken nie. Niemand om aan die ander kant die telefoon te antwoord nie.

Ek dink daar is baie waarheid aan Alexander Graham Bell se openingsgesprek. Dit was letterlik 'n uitnodiging om menslike kontak met iemand anders te hê.

Hoe beskikbaar is jy vir daardie èèn mens vir wie jy vandag dalk die enigste hulplyn is? Daardie mens wat jou in die middel van die nag kan bel om te sê: "Mr. Watson, come here, I want to see you."

Het jy ook 'n Mr Watson om te bel?

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**

**Sondag:** 09:30 Erediens (Jeug)

Kleuterkerk / Sin Kol: Fonds vir Predikante Begeleiding

Kategese / 10:45 Ouderling- en Diakonievergadering

Blok 2

**NG SUID**

**Sondag:** 09:30 Erediens (Nagmaal)

Sin Kol: Fonds vir Geestelike Bearbeiding van Naskoolse Jeug en Multikulturele Bediening

Gemeente-ete / Kategese

**GEREFORMEERDE KERK**

**Sondae:** 09:30 Erediens (Voorbereiding)

Kol: Kerklike Tydskrifte / Kol: Kinderhuis, Pretoria

Katkisasie: Les 19 / Diensbeurte: Wyk 2 & 3

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate

**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00

Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**

**Sondae:** 10:00 Erediens

Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug

Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**

(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.

**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron) - Voorbereiding

VBO Les 21 / Nominasies vir KR terug

**METHODIST CHURCH**

**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.

Almal welkom / All welcome.

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**

**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**

Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**

**Sondagoggend:** 10:00 Erediens

18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**

(Assemblies of God, Sandersville)

Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /

**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur

**Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand

**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.

Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**

**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**

**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30. Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00

Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00

Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**

Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.

Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

## Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz

**Program vir week**

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**

*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*

Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**

**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**

**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576


**Biblioteek Tye**

**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.



# GEKLASSIFISEERD
Smalls

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 16 Aug. | 7 / 26 | Sonnig |
| Sa 17 Aug. | 6 / 26 | Sonnig |
| So 18 Aug. | 6 / 24 | Sonnig |
| Ma 19 Aug. | 10 / 25 | Sonnig |
| Di 20 Aug. | 5 / 25 | Sonnig |
| Wo 21 Aug. | 8 / 26 | Sonnig |
| Do 22 Aug. | 6 / 26 | Sonnig |
| Vr 23 Aug. | 7 / 26 | Sonnig |
| Sa 24 Aug. | 7 / 27 | Sonnig |
| So 25 Aug. | 7 / 27 | Sonnig |
| Ma 26 Aug. | 8 / 28 | Sonnig |

## KENNISGEWING

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Insolvent Estate of the **LATE NARINA HORN**, Identity Number: 551216 0019 088, in life unmarried, residing at 18 Botha Street, Petrus Steyn, district Heilbron, 9640, Province Free State, Estate Number: 672/2017.

Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Petrus Steyn Magistrate Court.

If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.

**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

### NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the **LATE BEATRIX ALIDA BOTHA**, Identity Number: 321019 0016 081, in life unmarried, residing at Huis Bron-van-Heil, district Heilbron, Province Free State, who died on 11 July 2019, Estate Number: 6028/2019.

All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.

Signed at Heilbron on 8 August 2019.

**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON**
**9650**
**TEL: 058 852 2035**

## DIENSTE

### BAAL VAN OESRESTE
Baal van mielie-reste of bone.
Petrus Steyn, Heilbron, Frankfort en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring**
**082 851 6158**
**Piet Meiring**
**082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON
***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***

- 19 Sept. 2019 (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).
- 26 November 2019




### HOUTWERK
Vir alle herstelwerk en maak van houtmeubels.
**Kontak**
**Morné Naude**
**084 890 9366**
**Sampie Fronemanstr. 10**
**Heilbron**
**K1684**

### GEORGE MEYER FINANSIËLE DIENSTE
**Ons bied 'n uitgebreide professionele oplossing vir:**
- Medies en gesondheidsorg
- Lewensversekering
- Korttermynversekering
- Kommersiële versekering
- Begrafnisdekking
- Groepskemas
- Gekonsentreerde beleggingsbestuur
- Spesialis testament, boedel en trust administrasie

Gee ons 'n kans om u portefeulje te evalueer en kostevry met u te konsulteer.

***Kontak Marianne 058-853 0093***
***Marianne.jansevanrensburg@liblink.co.za of besoek my kantoor Breëstraat 41 Heilbron***

### SKOOL TERMYNE
- Sluit 20 Sept.
- Open 1 Okt
- Sluit 4 Desember

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by**
**Magda Bierman**
**083 292 1503**
**G**

### HUISE TE HUUR
- 4 Slaapkamer woonhuis te huur, op plaas 3km vanaf dorp. Onmiddellik beskikbaar.
- 2 Slaapkamer woonstel te huur, op plaas 3km vanaf dorp. Onmiddellik beskikbaar.
- 3 Slaapkamer woonhuis te huur, 200m vanaf skool. Beskikbaar einde September 2019.

**Kontak**
**082 463 5830 of stuur whatsapp**
**Heilbron**
**R**


### WOONSTEL TE HUUR
2 Slaapkamer woonstel, 2 badkamers, oopplan eet, sitkamer en kombuis.
Lapa losstaande van woonstel.
Beskikbaar vanaf 1 September 2019.
**Skakel 082 772 5777**
**Heilbron**
**K1684**

## TE KOOP




### TUPPERWARE TE KOOP
Vir bestellings kontak
**Jolandri**
**079 846 1075**
**Heilbron**

### DRINGEND OP SOEK NA TARENTALE OM TE KOOP
Guinea-fowl tarentale.
**Skakel asb dr Moshane 082 339 1776 of 082 960 9005**
**K1681**



### LOUWTJIE CERONIO
Vir die koop van enige tweedehandse meubels.
**Kontak 083 722 2533**
**Petrus Steyn**
**K**

### JAARBEPLANNER

**AUGUSTUS**
*21 Huis- en Tuinbouklub vergadering*
*30 NG Kerk - Konsert met Du Preez Stols*
*31 NG Kerk - Blyweesfees (Bergfietsrit)*

**SEPTEMBER**
*1 NG Kerk - Erediens (Vier vanjaar 90ste bestaansjaar)*
*18 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

**OKTOBER**
*12 SPAR-Gholfdag*
*23 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

Heilbron Eiendomme

### TE HUUR
- Klein 2 slaapkamerhuis met 1 badkamer, sitkamer, kombuis, dubbel motorhuis, veilig omhein. R3 500 per maand. Beskikbaar einde Augustus 2019.
- Ruim 3 slaapkamerhuis met baie ingeboude kaste. 2 Badkamers, sitkamer, eetkamer, werkskamer en kombuis. Motorhuis en afdak. R6 200 per maand. Beskikbaar einde Augustus.

**Kontak Annelize 082 331 9856**

### VOERTUIG TE KOOP
Ford ikon 1.6i, 2012 model slegs 83 000 km, vol diensrekord soos nuut vir R70 000 onderhandelbaar.
**Kontak Jorrie om voertuig te besigtig.**
**083 580 8059 of 060 422 6694**
**Heilbron**
**K1686**




## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
*Vir die beste transaksies en diens*
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

### ROLSTOEL PROJEK
Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.




**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Week van waardering vir onderwysers

Die Bronnie Onnies van Hoërskool Heilbron trap groot spore in die leerders se harte, en daar is nie twee keer gedink om vir hulle te wys hoe baie die leerders dit waardeer nie. Van 12 tot 16 Augustus het leerders die hele week gebruik om vir die onderwysers te wys hoe baie hulle waardeer word. "Week van waardering vir ons onderwysers." Maandag het die leerders hulle onnies gegroet met 'n High 5 en Dinsdag het die skool se Facebook-blad gegons van die "selfies" wat die leerders saam hul onderwysers geneem het. Woensdag was 'n hoogtepunt met: trek aan soos een van jou onnies. Op die foto's kan daar gesien word hoe kreatief die leerders is. Gister is die onderwysers bederf met 'n blom of 'n plantjie net om dankie te kan sê. Vandag gaan die onnies smul aan al die lekker peuselhappies wat aan hulle voorsien gaan word. Wánt dis mos lekker om 'n Bronnie te wees!


*Michaela Grobler en Mnr Johnny van der Merwe.*


*Christine Hendriks, Juf Saret Viljoen en Marizaan Swanepoel.*


*Marni Matthee, Juf Sunelle van Heerden en Megan Strydom.*


*Shandi Prinsloo, Juf Marlene Smith en Michelle Snyman.*


*Francois Els en Mnr Smith.*



*Melissa Kruger en Juf Sarita Fourie.*


*Juf Henriette Janse van Rensburg en Izany de Witt.*


*Rata Monyai en Juf Magda Kruger.*


*Elné du Plooy, Juf Sarie Strydom en Zelne Deysel.*


*Rouxne Roux, Juf Chriistelle Schoeman, Chante Saayman en Johane Jansen.*


*Juf. Elsabe van der Merwe en Nadene Ribeiro.*


*Juf Tanya van Rooyen en haar "Look-a-likes".*

# Die Mouton-seuns maak geskiedenis!








*Met Saterdag se verowering van die Virseker Beker deur Hoërskool Heilbron se eerste rugbyspan, het die Mouton-broers geskiedenis gemaak deurdat al drie nou betrokke was in dié gesogte kompetisie. Jan-Hendrik, ouboet en kaptein van die 2012-span in sy nr 12-trui en Martin op nr 9, het saam gespeel in die 2012 finaal, toe al wat 'n Heilbronner langs die veld was vir die tuiswedstryd. Die Wildebeeste het daardie dag met 48 – 15 teen die Blou Bulle van Curro Heuwelkruin geseëvier. Die afgelope naweek het kleinboet Sarel in die nr 13-trui as onder-kaptein uitgedraf teen die Blou Bulle van Lyttelton Manor en weer die beker huistoe help bring. Hulle pa, Mike Mouton, was by al drie seuns tot 0/13 as rugby-afrigter betrokke. Ma Mariaan het hulle leer somme maak vir telling hou! Op die fotos vl: Martin, Sarel en Jan Hendrik Mouton.*

# Vrouedag is behoorlik gevier op die rolbalbaan

Die afgelope Vrydag is Vrouedag behoorlik gevier toe 14 rolbalspanne Koppies binnegeval het. Heilbron Rolbalklub was goed verteenwoordig deur vier spanne wat deelgeneem het aan hierdie besonderse dag. Dit was verblydend om 'n paar juniors te sien speel, onder andere DJ en Elani Steyn wat saam met hul ouma Judith Joubert deelgeneem het. Soos gewoonlik was Koppies se aanbieding van die dag uitstekend en hul alombekende gasvryheid het weereens verseker dat almal die dag terdeë geniet het. Koos Bierman se span, bestaande uit Magda Bierman, Amelia Galatis en Hannalie Claassen het weggestap met die tweede prys. Afgesien van 'n kontantprys, het hulle ook mooi sambrele gewen. Dit is dalk 'n aanduiding van 'n goeie reënseisoen wat voorlê.

Eerskomende Saterdag word 'n rolbaldag vir juniors aangebied. DJ Steyn het met groot entoesiasme die organisering van die dag aangepak en dit beloof om 'n lekker opwindende dag te wees met 'n gratis worsbroodjie en vrugtesap vir elke speler. Belangstellende juniors kan vir DJ kontak by 082 420 5178. Heilbron Rolbalklub se laaste borgdag van die seisoen word aangebied op Saterdag 24 Augustus, daarna sal die baan gesluit wees vir die jaarlikse instandhouding.




*Op die foto bo is: Amelia Galatis, Hannalie Claassen en Magda en Koos Bierman.*


## BETREKKINGS

# VACANCY

SPAR

**DELI MANAGER**

**SPAR Heilbron has a vacancy for the above-mentioned position.**

**REQUIREMENTS:**
- Management skills
- Computer literate
- Previous Deli/HMR experience an advantage

**CLOSING DATE:** 23 Augustus 2019

Send your CV to odette.sparheilbron@gmail.com
**No drop off CV's accepted**


## Krieket



Heilbron Krieketklub speel die naweek 'n 50 boulbeurt wedstryd teen Koppies om 11:00 op Hoërskool Heilbron se veld.

Enige toeskouers welkom. Krieketoefening is Dinsdae en Donderdae om 17:00 by Hoërskool Heilbron se veld. Enige spelers welkom om te kom oefen.


## VAKANTE BETREKKING SIX STAR GROEP

SIX STAR GROUP

**KUDDEBESTUURDER SKAAP - EN BEESBOERDERY:**

**VEREISTES:**
1. Hantering en identifisering van teeldiere en aanwas.
2. Toediening van alle doserings en inentings.
3. Merk, onthoring, kastreer, tatoeër en brand van alle diere.
4. Identifisering en behandeling van alle siektes.
5. Volledige rekordhouding van alle diere oor alle aspekte van inentings, siektebehandeling asook lam - en kalfrekords.
6. Volledige rekordhouding van teelbulle en ramme - gebruik in verskillende teeltroppe - vroulike diere.
7. Weeklikse getalopnames van alle diere op ongereelde tye.
8. Volledige weidingsbestuur.
9. Voorsiening van lekke en kragvoer soos van toepassing.
10. Skaaplamhokke en kleinkamp lambestuur.
11. Skeer en hantering van wolskeersel.

**KWALIFIKASIES:**
1. Eerlik en toegewyd ten alle tye.
2. Ten minste 5 jaar se ondervinding van bogenoemde boerderye.
3. Netheid.
4. Meganiese kennis en herstel van windpompe, draadspan, instandhouding van damme, waterkrippe, voerkrippe, hekke, store, trekkers en implemente waar van toepassing – raaksien en regmaak van alles wat foutief is.
5. Moet onafhanklik kan funksioneer en organiseer.
6. Bereidwilligheid om lang ure te werk - lamtyd en kalftyd verg ekstra ure sowel as Saterdae en Sondae.
7. Respek kan verdien by werkskollegas en plaaswerkers.
8. Kennis van veesiektes.
9. Hardwerkend en eienaarskap aanvaar.
10. Boerdery word bedryf en bestuur op verskillende eiendomme – bestuur en organiseering hiervan.

**VOORDELE:**
1. Word deel van 'n groep met verskillende vertakkings wat baie uitdagings bied.
2. Gratis gerieflike woonhuis.
3. Mededingende salaris mer verlofvoordele.
4. Winsdeel van betrokke kuddes in die vorm van aanteel.
5. Termynkontrak.
6. Voertuig - Word eiendom volgens ooreenkoms.
7. Baie goeie laer- en hoërskool in Frankfort met koshuisfasiliteite.

**STUUR ASB CV VOOR 10 SEPTEMBER 2019 NA:**
**admin@sixstarmill.co.za**

***Kwalifiseerende aansoeke sal voor 20 September 2019 genooi word vir persoonlike onderhoud.***


## HEILBRON DUIWEKLUB

Verlede Saterdag se wedvlugte was vanaf Noupoort, 520km. Dit het gepaard gegaan met 'n sterk noordewind vervolgens het die spoed na 1082 meter per minuut en het die voorste duiwe agt ure geneem om die afstand af te lê.

Dit was ook die jaaroud Derby wat deur Zenith B gewen is. Die duif was dertigste in die VPU. Frik Viviers het die Ope wedvlug gewen en sy wenduif was agste in die VPU.

**NOUPOORT JAAROUD**

1. Zenith B, 2. F Viviers, 3. Zenith A, 4. Zenith A, 5. Zenith B, 6. Zenith A, 7. Zenith B, 8. F Viviers, 9. Zenith A, 10. F Spangenberg.

**NOUPOORT OPE**

1. F Viviers, 2. Stemmett Hokke, 3. Zenith B 4. F Viviers, 5. F Spangenberg, 6. Crause & Seun, 7. Zenith A, 8. F Viviers, 9. F Viviers, 10. F Spangenberg.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 3 | | 6 | | 9 | | | |
| 6 | | 2 | | | | 9 | | |
| 5 | | | | | 7 | | | 1 |
| | | | | | | | 6 | 9 |
| 3 | 9 | | 2 | | 8 | | | |
| | 5 | | 4 | | 6 | | 2 | 3 |
| 9 | 2 | | | 7 | | 5 | | |
| | | | | | 5 | 4 | | |
| | 1 | | 9 | | | | | 7 |

**SUDUKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*

## KRANSFONTEIN RESIESDUIFKLUB

Op 10 Augustus 2019 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Hanover gevlieg. Daar het 465 duiwe deelgeneem in die reis. Die duiwe is om 07:45 losgelaat. Met die loslating was daar 'n Noordweste wind wat gewaai het. Met die duiwe se aankoms by hokke het daar nogsteeds 'n Noordweste wind gewaai. Die wenduif is deur FED Hokke geklok 15:27. Die distansie was 530 km tot by die wenduif se hok. Die wenspoed is 1146.292 meters per minuut. Vandat die eerste duif geklok is tot en met die 80ste duif wat geklok is was 'n tyd van 26 min 53 sekondes.

**Hier volg die uitslae:**

1ste - FED Hokke, 2de - FED Hokke, 3de - Spartan Pigeons, 4de - Fourie Hokke, 5de - FED Hokke, 6de - Bosman & Seuns, 7de - Bosman & Seuns, 8ste - Spartan Pigeons, 9de - FED Hokke, 10de - Jakes Jacobs.




# SPORTverslag

# Ryder Cup koors het uitgebreek



Die spanlede van Heilbron Gholfklub is slaggereed vir die groot tog ooste toe. Frankfort kan hulle regmaak dat die Heilbronners volgende Vrydag met 'n doel daar aankom - die beker moet terug! Heilbron se span word aangevoer deur Julyan Bruyns en die spanbestuurder is Herman Claasen.

BASF is weer hierdie jaar die borg en kan spelers uitsien na 'n heerlike verwelkoming deur die manne van De Wilge.

Die klub sal Saterdag gesluit wees maar die wat graag op Heilbron wil speel kan dit gerus doen.

Verlede naweek is die HBA Monthly Mug gewen deur Jackie Leonard met 'n netto telling van 68 houe.

31 Augustus is dit die dames se beurt op Heilbron en gaan dit 'n nege putjie kompetisie wees. Alle dames is welkom. Praat gerus met Suzilda Muller as julle lus is vir 'n potjie gholf.

Die 7de September skop ons die lente af met die OK Foods en Total gholfdag, teken die grote aan in jou dagboek.

Vir die wat nog nie weet nie, môre is daar gewone gholf en die ideale dag om jou Ryder Cup swaai uit te sorteer. Inskrywings vanaf 11:45 afslaan 12:15.





Notice to Compensation Fund Clients

This notice serves as a last call to clients who have outstanding claims lodged on or before 1st August 2014 to submit the following outstanding documents:

For injury on duty:

- First Medical Report (W.Cl.4)
- Progress and final Medical Report (W.Cl.5)
- Resumption Report (W.Cl.6) by the employer or an affidavit (W.Cl.132) by the employee regarding the period booked of duty to recuperate from injuries/ diseases
- Certified ID document of the employee

For Occupational diseases:

- First Medical Report (W.Cl.22
- Progress and final Medical Report (W.Cl.26)
- Resumption Report (W.Cl.6) by the employer or an affidavit (W.Cl.132) by the employee regarding the period booked of duty to recuperate from injuries/ diseases
- Certified ID document of the employee

All Medical Reports relevant to the specific disease such as:

- Lung Function tests
- X-ray reports
- Audiograms
- Industrial history (W.Cl.110)
- Histology/Cytology Report
- Diagnostic and baseline audiograms
- Ear, Nose and Throat Specialist Report (ENT)
- ID document of the employee
- Any other medical report related to the occupational disease

Fatal accidents:

- Declaration by dependent Widow Form (W.CL.32) attested by a Commissioner of Oaths
- Notice of Accident and Claim for Compensation (W.CL.3) , page one and two
- Unabridged birth certificates of the children under the age of 18 years at the time of the accident
- Certified copy of the claimant's ID document
- Specified Burial Expenses Account (W.Cl.46) with receipt(s) if paid
- Death certificate
- Marriage certificate
- ID document of the employee

NB: All outstanding documents must be submitted to your nearest Department of Labour centres or email them to: *CF-claims2014@LABOUR.gov.za*

For more information, visit your nearest Department of labour centres, Provincial Offices or log onto *WWW.LABOUR.GOV.ZA* or refer to the Gazette no: 626 of 2019, Reference number 42431 page 33-36.

Compensation Fund services are FREE! Compensation Fund Working for you!!!

labour
Department: Labour
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

2030 NDP

Compensation Fund WORKING FOR YOU



## Ons hoor graag van jou

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur jou foto van groot mylpale wat bereik is, in. Ons plaas graag jou foto.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.



P & V
Potgieter & Vennote

VAKATURES

Aansoeke word ingewag vir 2 JUNIOR PERSONEELLEDE

Vereistes: Rekenaarvaardig

Sluitings datum: 19 Augustus 2019

CV kan gestuur word na:

- Epos: jurie@jgpotgieter.co.za
- Faks: 058 85 30015
- Per hand: Breëstraat 33, Heilbron

Enige navrae, kontak Jurie Potgieter by 058 85 23001

JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF
GEREGISTREERDE OUDITEURE



## BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 20 AGUGUSTUS 2019

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079560 7088

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VREDE : ARUNDEL BOERDERY
440 Bonsmara x Bovelder beeste
11:00, Arundel, Vrede
Kontak Gert Burger 082 822 1952

BOTHAVILLE : MAJOBE MERINO'S
160 Merino's
vanaf 08h00, plaas Vlaklaagte, Bothaville
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

WOENSDAG - 21 AUGUSTUS 2019

WOLMARANSSTAD : AMPTELIKE SAVM VEILING
60 Top ramme
11:00, Wolmaransstad skougronde
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

PARYS : WEIVELD BOEREVERENIGING
Reuse trekker & implemente veiling
11:00, Weiveld BV, Parys
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DONDERDAG - 22 AUGUSTUS 2019

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

VRYDAG - 23 AUGUSTUS 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

FRANKFORT : FRANKFORT BONSMARA TELERSGROEP
35 Bulle & 50 vroulike diere
11:00, Royal Auction Centre, Frankfort
Kontak Eddie Muller 082 926 2219

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

BKB Louwid